

WIT BOSTUK

BENODIGDHEDE: Ongeveer 300 g Twilley's Nr. 2 Handcraft Cotton (100-g-stringe); breinaalde van 3,50 mm; hekelpen van 3,50 mm.

MATE: Om borsmaat van 87 tot 92 cm te pas.

SPANNING: 23 steke en 34 rye = 10 x 10 cm oor siersteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; herh - herhaal; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs deurgaans); rs - reksteek (= elke ry regs); weersk - weerskante; tes - tesame; gr2tgo - glip een steek, brei twee steke regs tesame, trek glipsteek oor; m1 - maak een steek; vlg - volgende.

SIERSTEEK: 1e ry: r2, *r2tes, m1, r2, m1, r5, gr2tgo, r5, m1, r2tes, m1, r6*, eindig met r4.

2e ry: r2, *aw2tes, m1, aw3, m1, aw4, aw3tes, aw4, m1, aw1, aw2tes, m1, aw2, r4*, eindig met r2.

3e ry: r2, *r2tes, m1, r4, m1, r3, gr2tgo, r3, m1, r2, r2tes, m1, r6*, eindig met r4.

4e ry: r2, *aw2tes, m1, aw5, m1, aw2, aw3tes, aw2, m1, aw3, aw2tes, m1, aw2, r4*, eindig met r2.

5e ry: r2, *r2tes, m1, r6, m1, r1, gr2tgo, r1, m1, r4, r2tes, m1, r6*, eindig met r4.

6e ry: r2, *aw2tes, m1, aw7, m1, aw3tes, m1, aw5, aw2tes, m1, aw2, r4*, eindig met r2.

AGTERPANT: Stel 100 steke met 3,50-mm-breinaalde op en brei siersteek. (Daar is genoeg steke om vier siersteekpanele te vorm.) Brei voort tot werk 28 cm lank is vanaf begin.

Vermeerder vir armsgat: Hou aan met reksteek oor die eerste en laaste vier steke, maar vermeerder terselfdertyd aan weerskante 1 steek elke 2e ry, twee keer; daar sal 6 steke aan weerskante in reksteek wees terwyl die eerste siersteekpaneel die helfte smaller sal wees.


Brei 4 cm vanaf begin van armsgatvermeerdering.

Halsvorming: Verbreed die reksteekpaneel in die middel met 1 steek aan weerskante, al om die 2 rye. Wanneer daar 12 reksteke is, verdeel die steke in twee en brei die skouers afsonderlik.

Verminder binne reksteekstroke aan sye 1 steek elke 2 rye, 21 keer altesaam — 30 steke bly oor.

NA BLADSY 117

Twée KOEL



Toppies

VAN BLADSY 46

Brei daarna reguit voort tot 74 rye na begin van armsgatvermeerdering voltooi is — ongeveer 22 cm. Heg af.

VOORPANT: Soos agterpant tot armsgatvermeerdering.

Halsvorming: Verdeel die steke in twee wanneer met armsgatvermeerdering (soos vir agterpant) begin word, en brei skouers afsonderlik.

Verminder soos by halsvorming van agterpant en brei daarna reguit soos uiteengesit. Heg af wanneer werk 22 cm lank is vanaf begin van armsgatvermeerdering.

AFWERKING: Moenie pars nie. Werk skouer- en synate toe. Hekel 'n rondte krapsteek (= kortbeen van links na regs) onder om bostuk.

TWECKLEURIGE BOSTUK

BENODIGDHEDE: Pingouin Nr. 8 (50-g-bolle), 4 bolle wit en 4 bolle kontraskleur (Nr. 67); 100 g Orion silwer lurex; breinaalde van 3,75 mm.

MATE: Om borsmaat van 83(87; 92) cm te pas.


SPANNING: 25 steke en 36 rye = 10 x 10 cm oor mossteek met 3,75-mm-breinaalde en Nr. 8-garing en silwer lurex albei dubbel en saam gebruik.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); herh - herhaal; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; alt - alternatiewe; enkelrif -

Twee KOEL Toppies

enkelriffelsteek (= deurgaans een steek regs, een steek aweregs); ks - koussteek (= deurgaans een ry regs, een ry aweregs); buis-st - buissteek (= oor 'n ewe aantal steke brei alle rye deurgaans een steek regs, glijp een steek aweregsgegewys); oorbl - oorblywende; ms - mossteek (= een steek regs, een steek aweregs en verspring steke elke

DIAGRAM VIR TWECKLEURIGE BOSTUK AGTERPANT



X = koussteek in kontraskleur
- = mossteek in wit

ry); weersk - weerskante; beg - begin; vlg - volgende.

Let Wel: Wanneer van kleur verwissel word, draai die garing aan verkeerde kant ineen om gate te voorkom. Gebruik deur-

gaans beide Nr. 8 en silwer lurex dubbel en saam. Daar word dus met vier drade gelyktydig gebrei.

AGTERPANT: Met wit en silwer lurex albei dubbel en saam gebruik, stel 82(88; 94) ste op en brei 2 cm enkelrif. Brei dan 2 rye ms en in die 3e ms-ry begin met kontraskleur en volg diagram vir afskuinsing. Brei ks waar kontraskleur gebruik word en ms waar wit gebruik word. Wanneer daar 78 ste in kontraskleur is, brei voort slegs met wit.

Armsgat- en halsvorming: Wanneer werk 27(29; 31) cm lank is vanaf riffelboord heg aan weersk 3(5; 7) ste af. Vermin dan aan weersk 6 keer 1 st elke ry, en dan 4 keer 1 st elke 2e ry en **terselfdertyd**, wanneer 7(11; 15) rye vanaf begin van armsgatvorming voltooi is, verdeel ste in twee en voltooi dele afsonderlik. Vermin aan halsrand 1 st elke 3e ry 19(20; 21) keer — 9 ste bly oor.

Skouervorming: Wanneer werk 20(21; 22) cm lank is vanaf beg van armsgatvorming [72(76; 80) rye], heg oorbl ste af.

VOORPANT: Soos agterpant, maar met kleurafskuinsing omgekeerd.

AFWERKING: Werk een skouernaat toe. Tel uit halsrand 200 ste op en brei een ry enkelriffelsteek met wit, twee rye buissteek en heg af.

Werk ander skouernaat toe.

Armsgatstrook: Tel uit armsgatrand 108(112; 116) steke op en brei een ry enkelriffelsteek met wit en twee rye buissteek. Heg af.

Werk synate toe.



Vir 'n Lieflike Gelaat...

Die Natuurlike Towerkrag van SUNFLOWER MILK

... 'n unieke samestelling van die natuur se eie ekstrakt van sonneblomme, verryk met Vitamien E. Ryk en romerig - dog lig. Droë vel absorbeer dit vinnig vir 'n douvars, streelsagte tekstuur. Die doeltreffendste velvogmiddel wat die natuur ooit geskep het.



newton's
sunflower milk
met vitamien E.

Heath O'Donoghue 5375

Gesonde pragtige hare!

DRALLE HAAROPKNAPPERS
Vervolmaak deur een van Europa se vernaamste Haarkosmetiek-huise om nuwe lewe, glans en volheid in dowwe, droë of beskadigde hare te sit.

NOU IN

- **BALSEM** vir alledaagse gebruik
- **KOLLAGEEN** vir droë hare
- **KRUIE** vir oliege hare




elk met **NUWE BYPASSENDE SJAMPOE**



5371/1

CLAWS
fix-a-nail

Herstel daardie gebreekte nael binne sekondes



WERKLIKE
GROOTTE



R3,25

A.V.B.ingesluit

Vir die vinnige herstel van gebreekte naels, dra die nuwe ekonomiese stortvry bottel in jou handsak.

Smeer net 'n druppel of twee aan op die beskadigde nael, laat droog word.

Beskikbaar by u apteek.

Handelsnavrae:

Kemtrade Distributors

(Tel 011/786-2664)

Posbus 244 Bergvlei 2012

KEM/68/A/R